



## GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC 2/18*  
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Internet:** <http://www.voc-kaap.org> **E-pos/E-mail:** [vocinfo@voc-kaap.org](mailto:vocinfo@voc-kaap.org) **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.071-622-5792, e-pos: [rodccb@icloud.com](mailto:rodccb@icloud.com) . **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam: 'Stigting VOC Foundation.'

---

*Welaen Vrunden!*

### **Nuwe lede**

Ons verwelkom graag vir mnr P. le Roux van die Paarl as lid. Mag dit 'n lang en gelukkige onderlinge verbintenis word.

### **Die eerste Stellenbosser**

VOC-sieketrooster Sibrand Mancadan (verafrikaans na Sybrand Mankadan) was die eerste inwoner van Stellenbosch. Sy huisie was reeds in 1685 te sien, min of meer waar die stadsaal vandag staan, nog voor die oprigting van die eerste drosdy en kerk 'n jaar later. 'n Straat en 'n gebou op die dorp is na hom vernoem.



**Foto's: Dr W. Verwoerd**

U het ongetwyfeld al gelees of by 'n toergids gehoor van Mancadan se manewales, maar ook van sy onmisbare rol in die vroeë geskiedenis van Stellenbosch. Hy was nie baie gewild in die gemeente nie maar 'n talentvolle persoon van bo-gemiddelde intelligensie, 'n een-oog in die land van die blindes. Lees daaroor in André Hugo se uitstekende werk *'Die Kerk van Stellenbosch, 1686-1963'* (Kaapstad, 1963) asook *'Stellenbosch Drie Eeue,'* onder redaksie van Frans Smuts (Kaapstad, 1979). Min is nog geskryf oor Sibrand Mancadan se Nederlandse agtergrond.

Tensy u 'n kunskenner is, sal u waarskynlik nie weet wie Jacob Mancadan was nie, iemand wat wêreldwyd veel beter bekend is as sy seun, Sibrand van Stellenbosch. Jacob Mancadan word vandag beskou as die vernaamste skilder wat Friesland gedurende die 'Goue Eeu' opgelewer het. Hy was 'n tydgenoot van skilders soos Jacob van Ruisdael (1629-1682) en ander grotes soos Rembrandt van Rijn (1606-1669).



**Landskap deur Jacob Mancadan**

**Foto: Dr W. Verwoerd**

Jacob Sijbrandszoon Mancadan (1602-1680) was 'n inwoner en twee jaar lank ook burgemeester van Franeker in Friesland. In 1645 word hy ingesetene van Leeuwarden. Hy was redelik welgesteld, met inkomste uit huise en landbougrond op verskillende plekke in Friesland. Hy het ook belange gehad by veengrawery en turfproduksie by Bakkeveen in Oos-Friesland en die aanleg van 'n kanaal in 1664. Teen 1640 kon hy dit bekostig om hom te wy aan die eventueel heel betalende beroep van landskapskilder.

Mancadan se landskappe is meestal in die Italiaanse styl, hoewel hy nooit in Italië was nie, bergtonele met Romeinse ruïnes, herders en veekuddes, maar ook Frieslandse polders en “veenderijen” soos wat destyds in aanvraag was. Seestukke en portrette van sy hand is nog nie gevind nie, maar ‘*deze moet hy wel hebben geschilderd,*’ meen sy biograaf. Van sy skilderye is te sien in die Louvre en museums in Leeuwarden, Den Haag, Brussel, Riga, Berlyn en Wenen. Merkwaardig genoeg het hierdie skilder vir sowat 250 jaar lank totaal in vergetelheid geraak, maar hy is in 1933 herontdek toe hy en sy vrou se grafstene opgegrawe is by die konstruksie van 'n parkeerterrein langs die Oldenhove kerk in Leeuwarden. Daarop het deeglike navorsing in argiewe gevolg.

Die skilder se enigste oorlewende seun, Sibrand Jacobs (-zoon) oftewel Sibrandus Jacobi Mancadan (ca. 1635-1693) - ons Stellenbosser Sybrand Mankadan - het in die teologie studeer en was van 1658 tot 1676 predikant te Oosterwierum in Friesland. Hy was skriba en afgevaardigde na die Gereformeerde provinsiale sinode van Sneek. In dié tyd het hy gedigte geskryf wat opgeneem is in versamelbundels, gepubliseer in 1658, 1660 en 1664. Hy was ook verantwoordelik vir die kasboek van die klassis en is in 1673 voor stok gekry oor 'n tekort. Dit was egter nie al probleem nie. Sy biograaf skryf :

*‘Het ging daarna snel bergafwaarts met Mancadan en op 15 Junie 1676 werd hy uit zijn dienst ontzet wegens dronkenschap, ergerlijke misdragingen een predikant niet betamende en onkuisheid vóór het huwelijk met zyn derde vrouw Catharina Abrahami Mederhuys, een predikantsdochter. Dit vonnis werd door prov. Synode in 1677 bevestigd; men had echter medelijden met hem en achtte hem wederom beroepbaar na een halfjaar als hij sich beter gedroeg. Dientengevolge werd hy in 1679 beroepen naar Tjerkgaast, doch na eenigen tijd werd hij geschorst en op 4 Oct. 1688 (moet lees 1682) voorgoed wegens vele en aanhoudende zonden .... van het H. predikantsamt gedeporteerd. Sibrandus' zoon, Johannes Mancadan werd stempelsnijder-generaal van Friesland, doch in 1696 als valsche munter aangeklaagd.’*

Die arme Sybrand was 'n alkoholis, wat hy nie kon verhelp nie en wat niemand in daardie tyd verstaan het nie. Sy vader Jacob het nog sy laaste dae, vermoedelik onder sy seun se sorg, op Tjerkgaast deurgebring. Sybrand se enigste uitweg was om die laagbesoldigde pos van sieketrooster

in diens van die VOC te aanvaar. Toe hy teen die einde van 1683 op Stellenbosch opdaag om die sowat 30 vryburgers en hul gesinne te bedien, was sy pligte nie net dié van “*krankenbedroever*” nie, maar ook skoolmeester, voorleser en organiseerder van godsdiensoefeninge, raadgever en briëfskrywer, want hy was al persoon met ’n tersiêre kwalifikasie. Drie jaar later is hy ook verkies tot sekretaris van die eerste landdros en heemrade.

Vanwaar die naam Mancadan? Hieroor kon ek nog nie uitsluitel kry nie; dit kom nie voor in Afrikaanse of Nederlandse familienaamboeke of genealogieë wat geraadpleeg is nie, wat die vermoede laat ontstaan dat die van uitgesterf het, al het dit hierbo geblyk dat Sybrand ’n seun gehad het. In die 17de en 18de eeu was die patroniem voldoende, soos vandag nog in Ysland en voorheen in die Slawiese en Arabiese lande. Geleerdes het die patroniem verlatyns en ’n “achternaam” bygevoeg as hulle wou. Eers in 1811/1812 het familienaam in die Bataafse Republiek (Nederland) verpligtend geword deur ’n dekreet van Napoleon Bonaparte. Aan die Kaap het almal (?) teen daardie tyd reeds vanne gehad want nuwe inkomelinge is gewoonlik geïdentifiseer deur die plek vanwaar hulle gekom het, bv. van Niekerk en van Schalkwyk. Dit het natuurlik nie gegeld vir adellikes en ander belangrikes wie se voorgeslagte tot die Middeleeue teruggespoor kan word nie.

Al wat ons van die Mancadans weet is dat die kunsskilder Jacobus se vader ook ’n gesiene persoon met geleerdheid was; ’n glasmaker, dorpsregter, notaris en skoolmeester in Minnertsgra, Friesland. Die “achternaam” Mancadan kan dus verder teruggaan as 1600. Weet iemand wat die woord ‘mancadan’ beteken?

Die aanleiding tot hierdie storie is ’n brokkie inligting oor Mancadan, die skilder, wat ek toevallig raakgehoop het in ’n onlangse boek oor die genealogie van die Beerda familie. Die boek bevat ook breedvoerige inligting oor die geskiedenis van die onderwys en die boerestand van Friesland, met ’n hele bladsy oor dr. H.F. Verwoerd, want sy ouma aan moederskant was Aaltje Julles Beerda (1842-1884).

Nee, daar was nie ’n Mancadan in my Verwoerd-voorgeslag nie. Omstreeks 1660 is die boer Heijne Roels en sy vrou Hylkje Tjeerts deur Jacobus Mancadan toegelaat as “Bruijker” (d.w.s. huurder) op sy hoewe “Het Voorwerk” onder Siegerswoude. Hierdie Heijne (ca. 1640-ca.1685) is die vroegste naspeurbare voorouer van die Beerdas, vandag versprei oor Nederland, Kanada en Australië, net nie Suid-Afrika nie. Jacobus Mancadan se dogter Ebeltje het die hoewe geërf. “Het Voorwerk” se geskiedenis gaan terug tot voor 1580 toe dit deel was van ’n selfonderhoudende nonneklooster. Die gebou staan waarskynlik vandag nog, want na die jongste verbouing in 1996 is dit in 2003 bewoon deur die gesin Veenstra, nog ’n tipiese Friese familienaam soos Hiemstra, Havenga en Andringa (asseblief tog nie “Andriengha” nie!)

Bronne:

1. n.n.Molhuysen en n.n.Kossmann (reds.): *Nieuw Nederlandsch Biographisch Woordenboek*, deel 9 (1933) en deel 10 (1937.)
2. A.M. Douma: *Het Beerdaboek*, private uitgawe, 2003.
3. [https://nl.wikipedia.org/w/index.php?title=Jacobus\\_Sibrandi\\_Macadan&oldid=50895170](https://nl.wikipedia.org/w/index.php?title=Jacobus_Sibrandi_Macadan&oldid=50895170) (2 Feb 2018) en ander Googles. (Bydrae deur prof. W. Verwoerd)

Bostaande bydrae deur Prof. W. Verwoerd is ’n belangrike toevoeging tot wat ons oor Sibrand Mancadan te wete kom uit die *S.A Biografiese Register*, deel III, pp. 592-593. Hier is ’n ware pioniersfiguur, ’n afgesette predikant werksaam as voorleser en krankebesoeker op ’n klein sewentiende eeuse boeredorpie, waar sy gemeente spoedig kla oor sy ‘*langen trein van menigvuldige dronckenschappen en andere grove misdryven*’; daarna weier ouers om hul kinders na sy skool toe te stuur oor sy ‘*debauches en ongeregeld leven*.’ In Januarie 1687 kla landdros Mulder omdat een van die skoliere, die weesdogter Maria van Swaanswijk by Mancadan ingetrek het, waarop Kommandeur Van der Stel hulle albei Kasteel toe ontbied en Sekretaris de Grevenbroek beveel het om hulle sonder gebooi te trou. [F.Smuts (red.): *Stellenbosch Drie Eeue*, pp. 356-357. Kaapstad, 1979.]

### Die laaste retoervloot

Die Kompanjie se handelsware is jaarliks deur sogenaamde retoervlote Nederland toe gebring. Die skepe het om veiligheidsredes saam gevaar; die uit Batavia en die uit Ceylon het in die vroeë herfsmaande in Tafelbaai bymekaar gekom, en is dan tussen drie en vier weke lank volledig voorberei vir die lang tuisreis. Die retoervloot van 1795 het so laat opgedaag dat hulle in Simonsbaai, die winterhawe, bedien moes word. Daar is hulle vir meer as twee maande lank herstel, geproviandeer en vir die tuisreis gereed gemaak. Dié vertaging het bygedra tot die vloot se ondergang.



Dié skildery deur Thomas Lundy is deel van 'n uitstalling oor die VOC se heel laaste retoervloot, wat tans by die Rotterdamse Maritieme Museum te sien is. Dit beeld die kaping van 'n deel van die vloot in Junie 1795 by St Helena-eiland uit. Wat het daar gebeur?

Die Kompanjie was reeds finansieël op sy knieë toe die Patriotte in Januarie 1795 die stadhouer prins Willem V uit Nederland verdryf en met Franse steun die Bataafse Republiek uitroep. Die Republiek word daarmee 'n bondgenoot van Frankryk, waardeur hy 'n vyand van Engeland word. Op aanbeveling van Sir Francis Baring, voorsitter van die *India Company* – die 'Engelse Oos-Indiese Kompanjie' – besluit die Engelse regering om die Kaap vir die duur van die oorlog teen Frankryk te beset én die VOC se verwagte retoervloot te kaap.

Die Kaap was nog onbewus van die politieke verandering in Europa toe die 1795-retoervloot, onder bevel van die kommandeur J.C. Oldenburg en gelaai met oosterse handelsware ter waarde van ongeveer 10 miljoen gulden, op 11 Maart 1795 in Simonsbaai aankom. Die vloot van 17 retoerskepe, met 'n geleide van twee oorlogskepe, *Scipio* (skout-adm. C. de Jong) en *Meermin* het op 18 Mei 1795 uit Simonsbaai vertrek. Die kapteins is gewaarsku om by mekaar te bly en St Helena-eiland te vermy. Swaar weer het veroorsaak dat nege van hulle na net twee dae die konvooi verlaat en teruggedraai het Simonsbaai toe. Daar het hulle nog drie dae lank bly lê. Dié verontagsaming van bevel het, soos in die geval van die retoerskepe in Saldanhabaai in 1781, sewe van die nege skepe se ondergang veroorsaak.

Admiraal De Jong het met die oorblywende deel voort geseil; sy skepe het in neutrale Skandinawiese hawens soos Bergen en Trondheim tereg gekom. Die nege wat in Simonsbaai agter gebly het, het op 21 Mei weer uitgeseil en op 13 Junie by St Helena-eiland gekom, waar Engelse oorlogskepe en skepe van die *India Company* onder Nederlandse vlae op hulle gewag het.



Sewe skepe met alles aan boord, soos die vrag en die bemanning se private eiendom, is as oorlogsbuit in besit geneem. Daar was min weerstand van die VOC-offisiere. Engelse offisiere en bemannings is op die skepe geplaas en na 'n paar weke is hulle weggeseil na Shannon in Ierland, waar die vrag ontskeep en opgeveil is. Op een van die skepe was onder andere 'n paar vate duur Constantia-wyn van 'n Engelsman genaamd Rose, wat hy ten spyte van veel moeite nooit weer terug gekry het nie.

Vir die VOC was die verlies van die vloot 'n finansieële slag wat sy einde beteken het. Meeste van die honderde matrose moes vir die duur van die oorlog as gevanenes in armoedige omstandighede in Engeland bly, maar hul offisiere kon vir Engelse prisoniers uitgeruil word of vry word deur hul parool te gee. Vir sy pogings om hul vryheid te bewerkstellig het die VOC-offisiere gesamentlik 'n silwer beker met hul name en die van hul skepe geografeer, aan die VOC-agent William Simmons in Londen aangebied. Dié beker is deur die Amsterdamse Maritieme Museum aangekoop.

Vir kaptein W.T. Money van HCS (*Honourable Company's Ship*) *General Goddard* was die kaping 'n persoonlike triomf en 'n hoogtepunt van sy loopbaan, waarvoor hy ook ryklik deur sy werkgewer beloon is. Hy het in 1797 aan die skilder Thomas Lundy opdrag gegee om die gebeurtenis op 'n skildery vas te lê. Die onderskrif is: '*A View of the H.C. Ship General Goddard, Captain W.T. Money, passing along the Enemy's Line to bring the Dutch Commodore to, at Sun-rise in the Morning of the 14th of June 1795*'. Die skildery het twee eeue lank in Money se familie gebly en is ses jaar gelede op 'n veiling deur die Rotterdamse Maritieme Museum gekoop.

[NS: Ek en dr H. Scheffler het die voorreg gehad om in Maart 2012 die skildery in die pakhuis van die Rotterdamse Maritieme Museum te ondersoek. Die kwaliteit daarvan is nie dié van 'n Van de Velde nie, daarby lyk dit of Lundy die VOC-skepe as driedekkers, soortgelyk aan HCS *General Goddard*, uitgebeeld het, wat hulle beslis nie was nie. D.S.]  
Bronne: Jeroen ter Brugge en Irene Jacobs; Rotterdamse Maritieme Museum.

### **Ons man in Malakka**

Die Indonesiese regering stal die land se koloniale artefakte uit soos ek graag wou sien hier by ons gebeur. Sekretaris Rudolf Rode skryf uit Malakka: 'Wat nou in Malakka as *St. Paul's Church* bekend staan, is inderdaad 'n daklose ruïne. Dit is in 1521 deur die Portugese as die eerste Katolieke kerk in Asië opgerig en is in 1641 deur die VOC se Nederlanders as die Gereformeerde Bovenkerk oorgeneem. Nadat die Kompanjie in 1753 'n nuwe kerk gebou het, het hulle die Bovenkerk as 'n fortifikasie begin te gebruik. Die Engelse *India Company* het dit vanaf 1824 as 'n kruithuis gebruik.'

Jan van Riebeeck is in 1662, na tien jaar aan die Kaap aangestel as kommandeur van Malakka. Marie de Quellerie is in 1664 daar oorlede en in die Bovenkerk begrawe. Haar grafsteen

is Kaap toe gebring, maar 'n klein marmarsteen dui nou aan waar haar graf was. Jan is in 1665 bevorder tot Sekretaris van die Hoë Raad van Indië, gesetel in Kasteel Batavia, en hy is op 18 Januarie 1677 daar oorlede. Oorblyfsels van sy grafsteen is ook Kaap toe gestuur.

Hier is enkele voorbeelde van ander grafstene in die gewese Bovenkerk, van VOC- mense wat moontlik vir Jan en Marie geken het. Aan die vervaardiging van die stene is veel werk en onkoste bestee; hulle moes waardig wees aan die oorledene se rang en posisie. Status was van groot belang in die gemeenskap; weduwees het lewenslank hul man se rang en titels behou.



**Opperkoopman en Fiskaal  
Johan van Zijl † 1656**



**Onderkoopman en Sabandaer  
(hawemeester) Manuel de Moulin † 1660**

Die serke is gemaak van donker graniet, soortgelyk aan die grafsteen van poshouer A. Deneys, wat voor die Simonstadse Museum lê en die vloerstone van die Grote Kerk in Kaapstad. Hul oorsprong was waarskynlik nie Malakka nie; Jan van Riebeeck het sy vrou se grafsteen bestel uit Sabrapatnam, 'n VOC-pos ses Amsterdamse myl van Madras op die Koromandelkus (ooskus) van Indië, maar die graveerwerk, wat in vele opsigte ooreenkom, kon in Batavia of op Malakka deur VOC-*'beeldhouwers'* gedoen wees. Let op dat hulle deksene was, nie kopstene nie en plat op die vloer behoort te lê, maar regop uitgestal word om hulle meer leesbaar te maak. [D.W. Krüger (red.): *S.A. Biografiese Woordeboek, deel II*, p. 827.]



Opperkoopman Reinier d' Dieu †  
1655



Hier in die Bovenkerk was Marie de Quellerie oorspronklik begrawe. Sy was 35 jaar oud en is aan pokke oorlede.

Foto's: Rudolf Rode.

Uit die Argief:



Bron: Koehler (1887)

In Indonesië is daar 'n soort kougoed met die naam '*pinang*,' uitgespreek 'pinnang,' wat al eeue lank geniet word. Dit bestaan uit die neut of saad (donkerbruin afgebeeld) van die *areka* palmboom, effens met kalk besmeer en toegedraai in 'n blaar van

'n *betel* peperplant. Dit is so groot soos 'n druivekorrel en jy steek dit in jou mond en kou. Dit is 'n opkikker, verfrissend, gee energie, demp honger, is effens verdowend, effens verslawend, kleur die tande rooi en kan na jare van gebruik kanker in die tandvleis veroorsaak. Dit is steeds baie gewild, daar is miljoene gebruikers (mans, vrouens, kinders) en jy koop dit op straat. Dié kougoed word ook 'betelneut' en 'betelpruim' genoem.

Jan van Riebeeck se kleindogter Johanna, getroud met goewerneur-generaal J. van Hoorn, kom in 1710 uit die Ooste hier aan die Kaap en skryf 'n paar briewe aan haar pa, Abraham van Riebeeck in Batavia. Sy is self 'n penangkouer. Sy skryf: '*...daar ik altemets de smaack van hebbe en een pinanckie wel wense soude te mogen hebben, tot verrissing van de mont ...*' [D.B. Bosman (red.:) *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana*. Amsterdam, 1952. (p.77.)]

Ek het 'n teorie aan 'n woordeboekmaker voorgelê, dat *penang* onder ons Kapenaars van Oosterse afkoms bekend was en dat die woord 'penang' hier uitgebreid toegepas is op enigiets wat lekker, aangenaam, troostend, gerusstellend en welgevallig is of tevrede stel. Die uitspraak kon so in die volksmond verander het: penang - pinnang - poenang + agtervoegsel '-ies' (soos in saggies, liefies) = poenankies. Volgens die WAT beteken die woord 'oulik,' soos in 'ag, shame.'

### **Ter wille van oorlewing**

By die afgelope algemene jaarvergadering is ons Stigting se uitvoerende komitee vir die derde agtereenvolgende jaar volledig herkies. In die tydperk het ons drie komiteedele verloor, en hulle is nog nie vervang nie. Dit is geen goeie teken vir die toekoms van ons Stigting nie; fisiese energie en helder verstand is nodig om met Opvoeding en Bewaring voort te gaan. U word genooi om na die lang lys van afgehandelde projekte op ons webwerf te kyk. Die huidige komitee se petrol is aan opraak en hulle kan nie veel langer volhou nie. Na 23 suksesvolle jare is ons Stigting se voortbestaan op die spel. Ons versoek lede dringend om hulle asseblief vir komiteediens beskikbaar te stel.

### **Hoe suinigheid en behoudendheid die VOC agteruit laat seil het**

Die ekonoom Peter Solar van die Universitê Saint-Louis in Brussel en die ekonoom-geskiedkundige Pim de Zwart, dosent aan die Wageningen Universiteit skryf in *The International Journal of Maritime History* waarom die reise van VOC-skepe in die tweede helfte van die 18de eeu van een tot drie maande langer geduur het as die van Engelse, Franse, Deense en Sweedse maatskappye, en staaf dit met syfers en ander statistiek. En dit is nie omdat hulle langer roetes geseil het of 'n lang onderbreking aan die Kaap gehad het of omdat hulle navigasie swakker was nie.

Die oorsaak was omdat hulle nagelaat het om skeepsbou te moderniseer. Hulle was konserwatief in gees en denke. Ander nasies het skepe smaller en dieper gemaak en die romp met koper beklee. VOC-skepe was vlak omdat hul hawens vlak was, en hulle het meer ruimte vir vrag probeer kry deur hul skepe na verhouding breër te maak. Van vaartbelyning was daar geen sprake nie. Koperhuid is dekades lank uitgestel omdat dit te duur was, dus het seewier welig op die romp gegroei en sy spoed vertraag. Maar 'n langer reis is om verskeie redes ook duurder, en teen die einde van die VOC se bestaan was daar nie meer geld vir verbeterings nie.

*'Een begrijpelijke afweging. Het is conservatisme, maar een berekend conservatisme,' volgens 'n amptenaar van die Amsterdamse Maritieme Museum. 'Het interessantst van de studie van Solar en De Zwart dat de auteurs de verschillen in snelheid tussen de Aziëvaarders nauwkeurig hebben becijferd. 'We wisten dat die verschillen er waren, ze zijn nu met cijfers inzichtelijk gemaakt.'* Bron: <https://www.volkskrant.nl/wetenschap/hoe-kranterigheid-en-conservatisme-voor-trage-voc-schepen-zorgden~a4543040/>



## **Die VOC in Sri Lanka**

Verlede week, op Saterdag 19 Mei 2018 het die Sri Lankaanse ambassadeur in Nederland 'n tentoonstelling met die tema *Die VOC in Sri Lanka* by die Vestingmuseum in Naarden geopen. Die kurator van die uitstalling is dr Lodewijk Wagenaar, die skrywer van die uitstekende werk *Galle: VOC-vestiging in Ceylon* (Amsterdam, 1994.) Die Kompanjie het verskeie winsgewende handelsbassise, elk met sy eie buiteposte, rondom die kus van die destydse Ceylon beset; hul name was o.a. Galle, Jaffna, Colombo, Trincomalee, Mannar, Matara, Batticaloa en Negombo. Die Goewerneur se setel was in Colombo. Die belangrikste handelsware was tee, kaneel en edelstene soos diepblou saffiere. In die binneland het die Rajah van Kandij sy onafhanklikheid probeer behou, maar het in 1760 teen die VOC in opstand gekom. Troepe is uit Batavia maar ook uit die Kaap gestuur om die opstand te onderdruk.

*Behouwde vaert / Selamat jalan*

D. Sleigh (Dr): Redakteur

Jean Sleigh: Tegnies

23 Mei 2018.